Bybel vir Kinders

bied aan

Totsiens Farao!

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest
Aangepas deur: Lyn Doerksen
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2012 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Farao was baie kwaad! God het hom deur Moses beveel om die Israeliet slawe te laat trek. Hy het geweier.

"Laat hulle harder werk," het Farao die slawe drywers bevel. Dit het nou nog slegter gegaan met die Israeliete.

"Versamel jul eie strooi. Ons gaan die nie meer vir julle gee nie. Julle moet dieselfde hoeveelheid stene maak." Dit was Farao se nuwe reëls.



Die slawedrywers het die slawe geslaan omdat hulle nie genoeg tyd gehad het om strooi te kry en genoeg stene gemaak het nie.

Die mense het Moses en Aäron blameer vir hul probleme. Moses het gaan bid. "O Here," roep hy "U het glad nie u mense gered nie."

"Ek is God en sal julle uitlei," het God gesê.

God het Moses
en Aäron terug
gestuur na Farao.
Die magtige
heerser het
gevra vir 'n
teken van God.

Aäron se staf
het verander
in 'n slang.

"Roep my towenaars," brul Farao. Toe die Egiptiese towenaars hulle staf neergooi, word elkeen ook 'n slang. Aäron se slang het die towenaars s'n ingesluk. Farao het geweier dat die Israeliete trek.

Die volgende dag kry Moses en Aäron Farao by die rivier. Aäron het sy staf uitgehou en God het die rivier verander in bloed. Die visse het gevrek en hulle

Farao het sy hart verhard. Hy gaan nie die Israeliete laat trek uit Egipte.



Weer het Moses aan Farao gesê om God se mense te laat trek. Hy het geweier. God stuur toe 'n ander plaag. Die hele Egipte was oortrek met paddas. Elke huis, elke kamer, selfs die kook oonde was vol paddas!

"Bid vir my, dat God die paddas sal wegneem." Het Farao gepleit. "Ek sal jou mense dan laat trek." maar toe die paddas weg is het Farao van plan verander. Hy wou nie die slawe vryheid gee nie.

God stuur toe baie klein goggatjies, luise. Elke mens en dier het gejeuk van die gebyt, maar Farao wou nie instem nie.



Volgende het God vlieë gestuur, swerms van hulle. God het ook 'n siekte gestuur wat die diere van die Egiptenare gedood het.



God het bose sere gestuur. Die mense het swaar gekry, maar Farao het God teë gestaan.

Na die plaag van swere, stuur God 'n plaag springkane. Die springkane het elke groen plant in die land geeët.

God het toe drie dae van totale duisternis gestuur. Die hardkoppige Farao wou nie die Israeliete laat trek nie.

“Ek gaan nog een plaag stuur,” het God gewaarsku. “Middernag, sal die eersgebore kinders van mens en dier sterf.” God het aan die Israeliete gesê hul eersgeborenes sal gespaar word as hulle ‘n lam se bloed aan hul deurkosyne smeer.



Om middernag het 'n gehuil in Egipte begin. Die dood het ingetree en tenminste een persoon in elke huis het gesterf.

"Gou, trek," het Farao Moses gesmeek. "Gaan, gaan dien God." Vinnig het God se mense getrek oor Egipte se grense.



God het Moses gesê om die Pasga te herdenk want die Doodsengel het oor die Israeliete se huise gegaan en Farao en sy mense getref.



Na 430 jaar in Egipte was God se mense weer vry. God het hulle gelei in 'n wolk in die dag en met 'n wolk van vuur in die nag.



Farao was egter nog nie klaar met die Israeliete nie. Hy het weer vergeet van God en van plan verander. Met sy leer het hy die slawe gevolg. Gou het hy hulle vasgekeer tussen die berge en die see.

“God sal vir julle veg,” het Moses gesê.
Moses het na die kant van die water gestap
en sy arm uitgesteek.



'n Groot
wonderwerk
het gebeur. God
het 'n pad gemaak
deur die water
en die mense
het veilig deur
gegaan.

Farao en sy leer het ook die Rooi See binne gegaan. "Nou gaan ons hulle vang," het die soldate gedink, maar God het die water toegemaak.

Egipte se hele magtige leër was verswelg deur die water. Farao het nou geweet dat Israel se God die God van die heelal was.

Totsiens Farao!

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Exodus 4-15

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16